LAERSKOOL Durbanville PRIMARY SCHOOL

Weyerslaan
Durbanville 7550

Telefoon 976 8115 Telephone

Weyers Avenue
Durbanville 7550

E-pos / E mail: office@durbieland.com

Omsendbrief 4/2021 17 Februarie 2021

Geagte Ouer

ALGEMENE INLIGTING: SPORT

Covid-19 het alle sport in 2020 tot stilstand geruk. Teen die einde van 2020 het sport egter weer stadig begin infaseer en daarom het Laerskool Durbanville gehoop om aan die begin van 2021 ten volle met ons ko-kurrikulêre program te begin. Ongelukkig het ‘n tweede vlaag van Covid-19 ‘n stokkie daarvoor gesteek. Vrydag het ons die nuutste staatskoerant ontvang en daarvolgens mag ons weer met sportoefeninge begin onderhewig aan streng Covid-protokol.

Ons beoog om eers net met atletiek, krieket, swem, tennis en gholf te begin. Soos die situasie ontvou en regulasies dalk mag verslap, sal die ander somersporte (sosiale tennis, MTB, skaak, tweekamp en beginners-gholf) ook kan begin.

Krieket
Daar sal oefeninge vir die verskillende ouderdomsgroepe op die volgende dae wees:

o.13	Donderdag, 18 Feb	14:30 – 16:00
o.12	Maandag, 22 Feb	14:30 – 16:00
o.11	Woensdag, 24 Feb	14:30 – 16:00
o.10	Donderdag, 25 Feb	14:30 – 16:00

Swem
Daar sal Donderdag, 18 Februarie 14:30 – 16:30 oefening by Hoërskool Durbanville se swembad wees. Al die swemmers sal volgens hulle groepe (beginners, intermediêr, gevordere groep) oefening bywoon. Die gr.4-swemmers en nuwe leerders skakel eers by die beginnersgroep in. Tye vir Donderdag is soos volg:

Beginnersgroep	14:30 – 15:00
Intermediêre groep	15:00 – 15:45
Gevorderde groep	15:45 – 16:30

Atletiek
Daar sal Maandag, 22 Februarie met atletiekoefening (14:30 – 15:30) op die sportvelde begin word. Ons gaan slegs aan kondisionering werk. Leerders word ook tydens die LO-periodes aan verspring, hoogspring, gewigstoot en hekkies blootgestel. Vanaf Maandag, 1 Maart sal oefeninge vir die verskillende atletiek-items, volgens die buitemuurse program begin. Die interhuisbyeenkomste wat vir 24 en 25 Februarie beplan was, is eers uitgestel tot ‘n latere datum in Maart. Meer inligting sal binnekort aan u gekommunikeer word.

Tennis en Gholf
Die tennis- en gholfgroep wat afrigting by Jan van Dyk en Lana Orgovanyi onderskeidelik ontvang, sal soos volg oefen:

Tennis	Dinsdae	14:20 – 15:50	Laerskool Durbanville se bane
	Vrydae	06:00 – 07:25	Laerskool Durbanville se bane
Gholf	Dinsdae	14:30 – 15:30	Durbanville Gholfklub

Die volgende Covid-protokol sal vir almal geld:

- Elke leerder daag met ‘n masker op (daar word nie met ‘n masker geoefen nie).
- Elke leerder bring sy eie waterbottel.
- Temperatuur word met aankoms geneem.
- Sosiale afstande sal sover moontlik gehandhaaf word.
- **GEEN** ouers word by die oefeninge toegelaat nie.

Ons het dit goed gedink om die volgende inligting rakende sport aan u deur te gee om u algemene vrae te beantwoord. Elke sportsoorthoof sal vir u meer inligting rakende hul sportsoort op die D6 Connect deurgee, omdat ons nie die jaarlikse AJV’s kan hou nie as gevolg van Covid-19 protokol. U sal ook binnekort ‘n volledige buitemuurse progam met al die oefentye vir somersport op die D6 Connect ontvang. **Laai dus die D6 Connect toep op u selfoon om hierdie belangrike inligting te ontvang.**

Ons besef die belangrikheid vir kinders om aan sport deel te neem, nie net vir hul fisiese ontwikkeling nie, maar ook vir sosiale ontwikkeling. Laerskool Durbanville roem hom boonop op sy holisme, daarom word leerders aangemoedig om **ten minste een somersport en een wintersport by die skool te beoefen.**

1. SPORTSOORTE

Laerskool Durbanville bied die volgende sportsoorte aan:

Sportsoort	Sporthoof	E-pos
Atletiek	Chantelle Bornmann	chantelle@durbieland.com
Gholf	Nico Pieters	nicop@durbieland.com
Hokkie	Su-Marie Pienaar	sumarie@durbieland.com
Krieket	Hannes Morkel	hannes@durbieland.com
Landloop	Bjorn Bernardo	bjorn@durbieland.com
MTB	Malherbe Kriel	malherbe@durbieland.com
Netbal	Christelle Vancoillie	christelle@durbieland.com
Rugby	Jaco du Toit	jaco@durbieland.com
Skaak	Anita Knipe	anita@durbieland.com
Swem	Elizabeth Hattingh	elizabeth@durbieland.com
Tennis	Cheyenne Crament	cheyenne@durbieland.com
Tweekamp	Bjorn Bernardo	bjorn@durbieland.com

Weens ‘n gebrek aan fisiese fasiliteite, die feit dat ons nie wil dupliseer nie en die goeie verhouding wat ons met die dorpsklubs van die verskillende sportsoorte het, is besluit om nie die sportprogram wat ons tans het, verder uit te brei nie. Alle buitesporte kry erkenning binne die skool vir prestasies behaal. Ons wens is dat u u kind sal aanmoedig om ‘n sport te beoefen.

2. AFRIGTERS

Aangesien ons slegs ‘n beperkte aantal personeellede het wat as afrigters vir die spanne kan dien, word ons genoodsaak om van buite-afrigters gebruik te maak om ons met die afrigting van al die spanne in die onderskeie sportkodes te help. Ons doelwit is om vir elke span ‘n afrigter te kry en ons doen baie moeite om geskikte kandidate te bekom. Ons sportprogram is omvangryk en kan nie slegs deur personeel gediens word nie.

3. WEDSTRYDE

Indien u kind ‘n wedstryd vir sy/haar span moet speel, sal hy/sy ± 2 dae voor die wedstryddag ‘n wedstrydbriefie van sy afrigter ontvang. Indien hy/sy nie so ‘n briefie kry nie, is hy/sy nie vir daardie wedstryd vir die span gekies nie. As die afrigter ‘n buite-afrigter is, sal so ‘n wedstrydbriefie deur die sportkantoor of spanbestuurder aan hom/haar gegee word.

U ontvang aan die begin van die seisoen die datums waarop die wedstryde gaan plaasvind. Dit is ook op die D6 Connect beskikbaar. Ons rig 'n **versoek tot u dat u nie naweke waarop u kind aan 'n wedstryd moet deelneem, sal weggaan nie**.

4. VERVOER

Algemeen

Ons is baie trots daarop om te roem dat ons dit nog nooit nodig gehad het om 'n bus te huur om leerders na wedstryde te vervoer nie. Nadat die leerders die wedstrydbriefies ontvang het, word almal die volgende dag in die saal bymekaar geroep waar dan gekontroleer word watter kind nie vervoer het nie en dan sal die afrigter verdere reëlings tref. **'n Kind se plek in 'n span sal nie benadeel word omdat 'n ouer nie vervoer kan verskaf nie.**

Swem

Ons maak gebruik van die swembad by Hoërskool Durbanville vir oefeninge. Indien u kind nie vervoer na die swembad by die hoërskool het nie, kan u self met 'n vriend/in reël om u kind te neem of u kan die swemorganiseerder vra om vervoer vir u kind te reël saam met een van die menige gewillige ouers.

Hokkie

Ons is baie bevoorreg om vanaf 2019 ons eie astro te kan gebruik. Die seniorspanne kry voorkeur by die gebruik van die astro. Ons word egter nog steeds genoodsaak om ook van die hoërskool se grasvelde gebruik te maak om al ons spanne te akkommodeer. Indien u nie self u kind na Hoërskool Durbanville kan vervoer nie, vra ons dat u onderling met ander ouers in die span sal reël.

5. SPORTPRESTASIES

Ons wil u versoek dat u getrou u kind se prestasies aan die sportkantoor per e-pos sal deurgee (izane@durbieland.com). Ons poog jaarliks om alle noemenswaardige prestasies deur middle van die **D6 Connect** aan ouers deur te gee. Om dit suksesvol te doen, het ons u samewerking in hierdie verband baie nodig.

6. KANSELLASIE VAN OEFENINGE EN WEDSTRYDE

Kansellasie word sover moontlik beperk. Laerskool Durbanville kanselleer nooit 'n wedstryd of oefening nie, tensy weersomstandighede dit noodsaak. Indien 'n oefening of wedstryd gekanselleer word, sal u per sms in kennis gestel word. Sms'e word op reëndae om ± 13:15 uitgestuur.

7. D6 CONNECT TOEP en SMS-STELSEL

In 2019 het die skool sy administratiewe stelsel opgegradeer. As deel van die opgradering het die **D6 Connect TOEP** die ou **Kommunikeerder-stelsel** vervang, Hierdie TOEP stel ouers in staat om sms'e deur die TOEP of foon se sms-stelsel te ontvang. Ons versoek u dus om hierdie TOEP so spoedig moontlik af te laai sodat u op hoogte van sake kan bly. Die toep is beskikbaar op beide *Apple App Store* en *Android Play store.*

Durbanville-groete

F. Roux
SPORTBESTUURDER

P. du Toit
SKOOLHOOF

DURBIES VIR ALTYD